

**Vrydag 21 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 24:36-49**

**Fokusgedeelte: Lukas 24:49 (1983-vertaling)**

**Met Geeskrag gewillig werksaam ...**

Die Here Jesus is ná alles (marteling, bespoting, onskuldig skuldigbevinding, kruisiging, opstanding) steeds geïnspireerd op aarde werksaam gewees. Die aardse tyd tussen opstanding en hemelvaart was nie niksdoen-tyd nie. Inteendeel, as opgestane Here was Hy besig om tot voor sy vertrek te sê en te praat en te verduidelik en te belowe.

Kort voor sy hemelvaart verskyn Jesus aan die dissipels. Hulle hoef nie vervaard te wees nie. Hy is nie dood nie. Hy lewe regtig. En as sy mond vlak voor die hemelvaart oopgaan, dan sê Hy: “Vrede vir julle.” Kyk en hoor en sien. Dit is Ek. Moenie bang wees nie. Moenie verskrik wees nie. Die woorde van die wet en die profete en die psalms het waar geword. En die wonder-waarheid van vergewing en hoop en die werklikheid van die lewende Christus moet oorvertel word aan mensekinders en nasies en volke wat op die aarde woon. Die wêreld in ... Getuies wat gesien het en weet dat Jesus lewe!

Vertel en praat en preek. Sê en getuig. Pak met blydschap die bediening aan. Die Heilige Gees sal elke getuie toerus en bemagtig. Die beloofde gawe. Die Godsgawe wat ’n nietige mens oortuig dat grafdeure oopgebreek het en Jesus opgestaan het. Vanuit die hemel sal mense krag ontvang, soos ’n gewaad omgehang, sodat die apostels destyds en jý vandag jou getuienisroeping met krag kan volvoer.

*“Die Heer, die Heer het opgestaan!*

*Aan Hom die lof, die roem, die eer,*

*Hy laat my met Hom triomfeer.*

*Laat ons, o Here, deur u Gees,*

*Afhanklik en oorwinnaars wees.”*

*Sing: Skrifberyming 8-1:2*

*Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)*